Weekbrief Primêre Skool Jim Fouché

WB 14 MEI 2010

'n Gedagte: "Wat jy doen, doen dit goed met entoesiasme".

UIT DIE KANTOOR.....

Titus 2: 7,8: In alles moet jy self vir hulle 'n voorbeeld stel van goeie werk, suiwerheid in die leer, waardigheid in gedrag, gesonde en onaanvegbare prediking. Dan sal elke teenstander in die verleentheid kom dat hy niks slegs van ons sal kan sê nie.

Dit is vir my 'n voorreg om langs hierdie weg 'n paar woorde tot u te rig. Baie dankie dat ek alreeds welkom voel deur middel van die vriendelike kinderlaggies, die geselsies langs die sportveld, die gesprekke in my kantoor en die kollegiale warmte. 'n Besondere woord van dank aan Johan en Belinda Reinecke van Mayo Lodge, wat my soos 'n koning laat voel. Dankie aan die Beheerliggaam vir die verskaffing van 'n skootrekenaar vir my kantoor en aan mnr. Mark Diesel, van ITEC vir skenking van die drukker. Dit word hoog op prys gestel. Dankie vir my sms'e, ruikers en woorde van bemoediging.

Geen skool kan sonder sy ouerkorps en donateurs 'n sukses wees nie. Ek en die personeel verbind ons dus ten volle om as vennote saam met ons ouers en donateurs te saai, sodat ons kan oes. Mag ons in die proses hande vat en hierdie skool tot groter hoogtes lei.

Ek verbind my 100% tot hierdie skool en glo dat die Here my hier geplaas het. Dit is vir my 'n wonderlike voorreg en ek aanvaar my uitdaging met oorgawe. Die volgende aanhaling van Moeder Teresa verwoord my boodskap uitstekend: "Gister is verby. Môre is nog nie hier. Ons het net vandag. Kom ons begin".

SIEK KINDERS

Hierdie jaar het die winter baie gouer gekom as wat ons gedink het. Hiermee doen ons 'n beroep op ons ouers om toe te sien dat ons leerders dienooreenkomstig sal aantrek om sodoende te probeer om nie deur die winterkieme lastig geval te word nie. Ons vra weer eens - **HOU ASSEBLIEF U SIEK KIND TUIS, WANT DIE WINTERSIEKTES IS AANSTEEKLIK.**

KOPLUISE EN NETE

Tans ondervind ons dat daar kopluise en nete op kinders se koppe in die skool is. Ons doen 'n beroep op ons ouers om asseblief u kind se kop in die son te ondersoek. Gebruik Gambex sjampoe of enige ander sjampoe wat by u apteek beskikbaar is vir nete en kopluise.

Indien u enige luise of nete op u kind se kop ontdek, moet u ook u kind se lakens, kussingslope en betrokke handdoeke was en stryk.

Geliewe daarop te let dat 'n leerder wat kopluise of nete het, nie die skool mag bywoon alvorens die probleem opgeklaar het nie, aangesien dit aansteeklik is.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

MAYO LODGE
JOU EENSTOP GASTEHUIS

Belinda: 082 370 9133
Johan: 082 773 2946
Lodge: 051 522 1098
Fax: 088 051 522 1098
Email: info@mayolodge.co.za

www.mayolodge.co.za

BELANGRIKE DATUM

- **5 Junie: Damestee.**
  Tyd: 09:00 vir 09:30.
  Plek: Skoolsaal
  Koste: R100,00 p.p.
  Vir enige verdere inligting skakel asseblief die kantoor by 051 5225951.

OUPA- EN OUMADAG

'n Groot dankie aan een en almal wat van hierdie dag so 'n groot sukses gemaak het. Dankie aan ons ouers vir ekstra uitgawes aangegaan vir die maak van kostuums, ens. Dankie aan die Grondslagfase personeel wat ure se harde werk ingesit het, ten spyte van 'n reeds vol program.
Aan ons oupas en oumas- ons geniet dit elke jaar om julle hier by ons te ontvang. Julle verdien hierdie dag.

RUGBY- EN NETBALWEDSTRYDE :
19 MEI 2010
Ons volgende rugby- en netbalwedstryde vind op 19 Mei 2010 op ons velde plaas.
Ons speel teen President Brand Primêr.
Sterkte aan al die spanne asook hulle afrigters.

MARK DIESEL
ITEC
Sales Manager
Cell: +27 73 203 3064
E-mail: markdiesel@itec-bloem.co.za

ST MICHAELS MUSIEKFEES

Baie geluk aan ons musiekleerders wat verlede week aan die klavier- en blokfluit items tydens die musiekfees deelgeneem het. Die leerders het baie hard geoefen en uitstekende simbole behaal. In die besonder geluk aan Anthony Slater, Lindie van der Merwe en Lani de Beer met hul A+ simbole wat hulle behaal het.

Ons is baie trots op ons Juniorkoor wat 'n A++ simbool en die Seniorkoor wat 'n A simbool behaal het. Dankie dat julle J.F. se naam hoog gehou het.

KOOR OPTREDE IN DIE SAND DU PLESSIS TEATER : 13 MEI 2010

Die Junior- en Seniorkoor het gisteraand tydens die Tjokkie Koorfees opgetree.
Geluk met julle pragtige optrede en dankie vir al die ure wat hulle hiervoor ingesit het. Julle is ons skool se trots.

FINANSIES :

Die skool sluit oor minder as 4 weke!!!! Wat 'n wonderlike vooruitsig. Ongelukkig moet ons dit onder u aandag bring dat daar al weer vele rekeninge is wat lank uitstaande is. Soos u weet het die Beheerliggaam die beleid aanvaar om rekeninge op 'n gereelde basis te oorhandig vir invordering aangesien die skool nie sonder die nodige fondse kan funksioneer en vir u kind onderrig van hoogstaande gehalte kan lewer nie.

Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

MA'S WAT OMGEE

2 Kor 1:3&4
"Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid uitkoms gee. In elke moeilikheid help Hy ons. Daarom kan ons ook weer ander help wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig."

Ons beplan 'n uitreik aksie na Waterbronskool aan die einde van die maand. Ons gaan kos en warm klere aan die kinders oorhandig. Enigeen met lekker warm klere(alle groottes) in die kas wat nie gebruik word nie en dit graag wil skenk, is welkom om dit na juf. Alida se klas te bring. Ons sal dit waardeer as dit voor of op 24 Mei ingehandig kan word. Kontak gerus vir Annemarie (0728519993) vir navrae of indien iemand belangstel om saam na die skool te gaan.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za